## 5 Junie Handelinge 2:42-47; 4:32-37 (OAV) (4:33b)

### *Die tweede kenmerk van 'n "groot" kerk: groot genade*

Die kragtige getuienis en prediking het 'n besondere uitwerking: "groot genade was oor hulle almal". Natuurlik was dit die genade van die onverdiende redding uit sonde en die vulling deur die Heilige Gees, die sekerheid van hul kindskap van God en deel hê aan die ewige lewe. Maar: Hoe wys hulle dit? Waar kon 'n mens dit sien? Vers 34 gee die antwoord: "Want niemand onder hulle was behoeftig nie..." Die genade wat hulle van hulle God ontvang het, vloei oor in dade van genade aan ander met resultate wat nie deur wette verwerklik kon word nie (Jesus het mos gesê die armes sal altyd onder hulle wees - ondanks die wette van Moses, Matt 26:11). Later sê Paulus dat gelowiges altyd so sal optree, want hulle het ryk geword deur die genade van 'n Redder wat arm geword het (2 Kor. 8:9) en hulle leef in die sekerheid dat hulle God die mag het om alle genade oorvloedig te laat wees sodat hulle altyd volop sal hê (2 Kor. 9:8.). 'n Kerk is "groot" as hy sy geloof en sekerhede demonstreer deurdat sy lidmate die genade van die Here nie alleen deur mondelingse getuienis uitdra nie, maar ook deur dade van barmhartigheid. In 'n wêreld van toenemende materialisme en selfsug straal 'n groot kerk "genade" uit (geestelik en materieel), want dis wat hy ontvang het - in oorvloed. Is jy lidmaat van 'n "groot" kerk?

Sing: Psalm 41:1 Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)